

Nie verbetering nie, maar vernuwing

Jeremia rig hom tot die manne van Juda. Die profeet maak hulle daarop attent dat daar nog 'n geleentheid is om deur die Here weer in genade aangeneem te kan word. Hy sê dat die stemme van boetvaardigheid nie genoeg is nie, maar die egtheid moet bewys word deur die daad: In Juda was hulle nou besig om onder Josia die afgodery op te ruim. Daar kan gemeen word dat dit genoeg is, maar Jeremia dink anders daaroor, want 'n huis wat van onreinheid geheilig is kan nie leeg staan nie. Dit loop gevaar om weer vuil te word. Daarom sê hy: "Ploeg vir julle 'n braakland en moenie in die dorings saai nie".

Laat lê die ou land waarop julle geploeg, geëg, gesaai en geoes het, begin 'n nuwe land. In die ou land is daar onkruid, dorings en distels wat elke jaar opkom en die oes benadeel. Wanneer julle weer daaroor saai, sal dit die goeie saak weer beïnvloed, daarom bedoel die profeet "Laat staan die ou akker" - dit is die afsterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens. Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Wat die profeet wil sê is 'n totale breuk met die sonde, 'n vernuwing van die hart, sonder dat daar nog onverteerde reste van die ou sonde oorbly. Jeremia sê, nie oppervlakkige berou nie, maar 'n berou tot in die diepste wese van die hart. Die Here vra nie verbetering nie, maar vernuwing.

Jy sit nie 'n nuwe lap op 'n ou kleed nie; saai nie goeie saad onder die dorings nie, maar braak 'n nuwe akker in die soenverdiensie van ons Here Jesus Christus. In die krag van sy Gees sal Hy ons daartoe help. Wat help bekering as ons net uitwendig wil verander om deur die mense gesien te word. Die Here vra hartlike berou van ons sondes. Onthou, die Here ken die hart.

Sing: Psalm 103:1,3

Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)